11 Nov

Uitgawe 2009/11/11

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word. (**Heb.4:16**). In tye waar ons teëspoed ervaar en dit wil voorkom asof die uitdagings oneindigend is, nooi God ons nog steeds uit om tot Hom te nader. Hy wys ons nooit weg nie maar op 'n liefdevolle manier bring Hy ons op die plek waar ons perfekte vrede kan ervaar selfs te midde van 'n storm. ***Hemelse Vader, dankie dat U 'n weg vir ons gemaak het om U troon te nader en ons begeertes aan U bekend te maak. Dankie vir U liefde.***

Deurbraak : Vryheid en nuwe geleenthede in Suid-Irak

'n Span van OM *(Operation Mobilization)* moes vyf jaar gelede 'n area in Suid-Irak verlaat en kon nie weer na die spesifieke area terukeer nie. 'n Plaaslike Gelowige het ywerig aan die werk gespring en geglo dat God sy onbereikte bure in Sy koninkryk sal inbring. Terwyl meeste Christene uit die stad gevlug het uit vrees, het God toegelaat dat hierdie man 'n kerk stig wat groei en wat self-onderhoudend is. Sy bediening het begin met 'n klein boek stalletjie in die mark in die stad sowat tien jaar gelede. Die kerk bestuur nou twee Christelike boekwinkels. Die kerk was hierdie jaar genooi om aan 'n groot boekuitstalling in die stad deel te neem. Verlede jaar het hulle 600 Bybels en Nuwe Testamente en sowat 2 500 Christelike boeke verkoop by dieselfde geleentheid. Diegene wat die Waarheid soek is aan Gelowiges bekend gestel en het begin om God se Woord te bestudeer as gevolg van die boekuitstalling. (E-pos: info@usa.om.org, 05/11/09). ***Dank die Here vir wat Hy in hierdie land doen. Bid vir die mense, dat hulle nuwe lewe en innerlike vryheid sal ervaar wat net Jesus kan gee. Bid vir die beskerming van hierdie man wat die bediening lei en ook die Kerk soos hulle aanhou om die Here te dien en Hom vertrou om groot dinge te doen.***

Bid vir jou gemeenskap : Jongmense

'n Stelsel wat skooldogters so jonk as 11 jaar oud aanmoedig om die nabehoedpil aan te vra per sms word dalk uitgebrei. Na 'n aanvanklike proefperiode by ses sekondêre skole, hoop *Oxfordshire Primary Trust (PCT)* om dit reg oor hul land te implementer. Die stelsel, wat skooldogters toelaat om vir die nabehoedpil te vra by die skool verpleegster deur 'n sms te stuur, en dit dan gedurende pouse te gaan afhaal, is sterk gekritiseer. Stryders vir familie waardes sê dat hierdie stelsel losbandigheid onder jongmense aanmoedig. (Webruimte: http://www.anglican-mainstream.net/?p=17235, 03/11/09). ***Bid asseblief vir die versterking van familie en morele waardes wat losbandigheid onder jongmense sal ontmoedig. Bid dat hulle verstand en denke beheer sal word deur die Heilige Gees sodat hulle lewens sal leef volgens die wil van God, vol van vreugde en vrede.*** (**Rom.8:5-8**).

Suid-Afrika : Werkloosheidsyfer neem toe

Suid-Afrika se werkloosheidsyfer het toegeneem tot 24,5% van die arbeidsmag in die derde kwartaal van 2009, vanaf 23,5% in die tweede kwartaal, het 'n verslag getoon. Die nuutste kwartaallikse Arbeidsmag Opname, Statistieke Suid-Afrika (SSA) het getoon dat die totale aantal werklose persone staan op 4,19 mljoen mense in die drie maande tot September. SSA het gesê dat die aantal werklose mense het geval by 484 000 tot 12,89 miljoen. Die vervaardigersektor , wat swaar getref is deur die wêreldwye krisis en huislike resessie, het 150 000 werksgeleenthede tot niet gemaak – 8% van die totale werksgeleenthede in die industrie – terwyl groot- en kleinhandel sowat 110 000 werksgeleenthede verloor het. (Webruimte: http://www.mg.co.za/article/2009-10-29-sa-unemployment-rate-increases,

29/10/09). ***Vra die Here om hoop te herstel in die hart van elke persoon wat werkloos is vir 'n lang periode. Bid dat hulle op die naam van die Here sal roep om in hul daaglikse behoeftes te voorsien.*** (**Matt.6:11**).

Internasionaal : Tiener van skool geskors vir sy geloof

'n Tweede jaar student op hoërskool, Chen Le, is van sy skool geskors vir sy Christen geloof. Hy is gevind deur die *Bazhou Public Security Agency* waar hy aan Christelike samekomste deelgeneem het en die skool was verwittig om hom te leer en oorreed om sy "weë te verander", volgens die verpligte kennisgewing. Chen Le het gesê dat hy eerder uit die skool geforseer sal word as om sy geloof te verloën, wat die skool genoop het om hom te vra om na 'n ander skool verplaas te word. Alhoewel Chen Le nie berou het dat hy die verpligte kennisgewing geteken het nie en geweier het om sy geloof te verloën nie, is die skorsing 'n duur prys wat hy vir sy toekoms moet betaal. Die situasie kos hom sy toekomstige onderwys en weerhou hom daarvan om sy verpligtende kollege toelatingseksamen te skryf. (E-pos: subscribe@barnabasfund.org, 03/11/09). ***Prys die Here vir Chen Le se geloof in die Here Jesus Christus en dat hy nie sy geloof verloën het nie, ten spyte van die effek wat dit op sy toekoms kan hê. Bid dat die skool die verpligte kennisgewing sal aanpas en dat alle diskriminasie teen Chen Le tot 'n einde sal kom sodat hy sy skool loopbaan kan voltooi.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com